

## Sondag 18 Augustus

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-6**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1, 2  
(1983-vertaling)**

### **Regverdigmaking – Christus is ons Versoening met God**

By enige oortreding is twee sake ter sprake: (1) verhoudinge wat bederf word, en (2) skade wat veroorsaak word. Soms dink ons daar word 'n onnodige ophef van die oortreding gemaak. Byvoorbeeld met 'n gewone spoedoortreding. Ek oorskry die spoedgrens op 'n stil pad en regverdig myself dat niemand kan seerkry nie. Waarom trap ek dan skielik rem as ek die verkeersbeampte sien staan? Die rede lê dieper as my vrees vir 'n boete. (1) Hy/sy verteenwoordig die landsregering wie se eer aangetas word deur my minagting van reëls (die verhouding is bederf). (2) My gewete kla my aan dat ek tóg 'n gevaar geskep het (skade).

In ons natuurlike staat leef ons in oortreding teen God. “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself ...” (1 Joh. 1:8) Dit beteken dat ons van nature (1) in 'n bedorwe verhouding met God leef en nie net sy eer aantast nie, maar (2) ook eindelose skades aan ons eie en ander se lewens veroorsaak. Ons leef in 'n “staat van beskuldiging” en sal daarom geneig wees om die hele tyd “rem te trap” uit vrees dat ons uitgevang en gestraf kan word. Helaas is daar mense wat sê hulle is kinders van God, en tog lewe hulle nog in vrees vir Hom.

Hierdie vrees verdwyn egter indien ons in Jesus Christus glo as (1) ons voorspraak by die Vader en (2) as versoening vir ons sondes. As voorspraak herstel Hy die gebroke verhouding, sodat ons nie sal “rem trap” nie, maar elke dag deur Hom sonder vrees voor die Vader kan leef. As versoeningsoffer het Hy deur sy volmaakte lewe in ons plek al die skade en skandes van ons oortredings uitgewis. Deur ons geloof in Hom leef ons nou in 'n “staat van ontskuldiging” waarin ons God uit liefde, en nie uit vrees nie, dien.

*Sing: Skrifberyming 2-1:1-7*

*Ds. JA Schutte (Johan) (Emeritus)*